2.3.71

186/70

186/70

G.P.-S. S. 445.

# In the Supreme Court of South Africa
# In die Hooggeregshof van Suid-Afrika

(Appèl DIVISION).
AFDELING).

**APPEAL IN CRIMINAL CASE.**
**APPÈL IN STRAFSAAK.**

JAN FRED ENGLISH
**Appellant.**

*versus/teen*

DIE STAAT
**Respondent.**

*Appellant's Attorney* Symington & De Kok/ *Respondent's Attorney* P.G. Windhoek
*Prokureur van Appellant* *Prokureur van Respondent*

*Appellant's Advocate* L. G. Steyn S.C. *Respondent's Advocate* D. M. Baukes, S.C.
*Advokaat van Appellant* *Advokaat van Respondent*

*Set down for hearing on* 7 - 5 - 1971
*Op die rol geplaas vir verhoor op* 2.6.10

(S. W. A.) Coram. Van Blerk, Trollip J.J.A. + Kotzé, A.J.A.

9.45 am — 11 am
11.15 am — 11.50 am
11.50 am — 12.07 am

Kotzé Wn AR:- Die appèl slaag die skuldigbevinding en die vonnis opgelê en die intrekking van sy bestuurderslisensie word tersyde gestel.

GRIFFIER.
21.5.1971

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA.

(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

JAN FRED ENGLISH ..................Appellant

en

DIE STAAT ..........................Respondent

Coram: VAN BLERK, TROLLIP A.R. et KOTZÉ Wnd.A.R.

Verhoor: 7 Mei 1971 Gelewer: 21 Mei 1971

---

## U I T S P R A A K.

KOTZÉ Wnd.A.R.:

Die appellant het voor n streeklanddros te Windhoek tereggestaan op n klag dat hy artikel 140(1)(a) van die Ordonnansie op Padverkeer, Nr. 30 van 1967 van Suidwes-Afrika, oortree het deurdat hy op 26 Januarie, 1970 op n openbare pad in Okahandja wederregtelik n voertuig bestuur het terwyl hy onder die invloed van sterk drank was. Die Staat is dit eens met die appellant dat die vier alternatiewe klagtes wat hom ten laste gelê is, nie ter sprake

kom............/2

kom nie en derhalwe is dit onnodig, vir die doeleindes van hierdie uitspraak, om daarna te verwys. Die appellant is na 'n pleit van onskuldig en die aanhoor van getuienis skuldig bevind op die hoofklag en, uit hoofde van vorige veroordelings, 'n straf van 12 maande gevangenisstraf opgelê waarvan 6 maande vir drie jaar op sekere voorwaardes opgeskort is. Sy bestuurderslisensie is ook by skuldigbevinding ingetrek. Appellant het sonder welslae in hoër beroep gegaan na die Afdeling Suidwes-Afrika en appelleer tans, met verlof van die Hof a quo, in hierdie Hof.

Die gebeure wat aanleiding tot die strafverhoor gegee het, het in die omgewing van die Bantoelokasie van Okahandja plaasgevind. Die romerypad loop van noord na suid aan die oostekant van die lokasie en lê min of meer ewewydig met die draadheining van die lokasie op 'n afstand van ongeveer 9 tree. Toegang word tot die lokasie verleen deur 'n hek wat ongeveer 12 tree breed is. By die hek draai 'n pad, bekend as die lokasiepad, met byna 'n reghoek weswaarts in die lokasie. Suid van die lokasiepad is die ou lokasiekantore. Noord van die lokasiepad en 5 tree wes van die hek draai die noordwespad, 'n smal kronkelende grondpad skuins uit die lokasiepad

in ŉ noordwestelike rigting. Die aanduidings op die saakrekord is dat hierdie nie ŉ openbare pad is nie. In die skerp hoek wat tussen die lokasiepad en die noordwespad gevorm is, was daar op 26 Januarie, 1970 ŉ gat 2 tree noord van die lokasiepad, 1½ x tree wes van die noordwespad en 4 tree van die punt van die skerp hoek. Die diepte van die gat was vyftien duim en sy deursnit was 30 duim.

Dit is gemeensaak dat ŉ Chevrolet Biscayne motorvoertuig (hierna "die Biscayne" genoem), wat aan die appellant behoort, op 26 Januarie 1970, met sy linkervoorwiel vasgeval het in die bovermelde gat en dat konstabel Gresse van die Suid-Afrikaanse Polisie om ongeveer 3.20 nm. die appellant in die Biscayne aangetref het waar hy half agter die stuurwiel daarvan gelê het. Hy was op daardie oomblik tot so ŉ mate onder die invloed van sterk drank dat hy geen voertuig met veiligheid kon bestuur nie. Toe die Biscayne vasgeval het was die appellant die bestuurder daarvan en hy betwis geensins dat hy kort voor hy vasgeval het op die romerypad,

ɱ openbare pad, bestuur het nie. Sy verduideliking, soos later sal blyk, was dat hy heeltemal nugter was toe hy aldus bestuur het en dat hy onder die invloed van sterk drank geraak het as gevolg van die inname van ɱ hoeveelheid brandewyn nadat die Biscayne vasgeval het.

Die bewyslas waarvan die Staat sigself bo redelike twyfel moes kwyt was dat die appellant, onmiddellik voor die Biscayne in die gat beland het en terwyl hy op die romerypad bestuur het, onder die invloed van sterk drank was. In sy poging om hierdie verpligting na te kom, het die Staat hom verlaat op die getuienis van ɱ geneesheer, Dr. Davin, konstabels Gresse en Jacobs, ɱ Mnr. Visser en ɱ bejaarde Ovamboman, Cleovas Hangela. Die appellant wat onskuldig gepleit het, het op sy eie getuienis en dié van ene Gert Waters staatgemaak.

Die strekking van konstabels Gresse en Jacobs se hoofgetuienis is dat hulle ongeveer 3.20 nm. die appellant in ɱ uiters besope toestand aangetref het in die omstandighede hierbo beskryf en dat hulle hom daarna

na die aanklagkantoor geneem het waar hy deur Dr. Davin ondersoek is. Jacobs het bygevoeg dat hy die Biscayne deursoek het en geen drank of bottels daarin kon vind nie. Onder kruisverhoor het dit geblyk dat die deursoeking nie deeglik was nie en hy moes toegee dat hy so iets kon misgekyk het.

Dr. Davin het die appellant tussen 3.45 en 4 nm. ondersoek en gevind dat hy gedurende gemelde tydperk sterk onder die invloed van drank was. 'n Bloedmonster is deur die geneesheer geneem en het by ontleding daarvan aan die lig gebring dat appellant se bloed 0.33% alkohol (gram per milliliter) bevat het. Dr. Davin het onder kruisverhoor getuig dat die appellant 'n halfuur of driekwartuur voor die ondersoek, d.w.s. voor 3.15 nm. heeltemal nugter en by magte kon gewees het om 'n voertuig op bekwame wyse te bestuur.

Alhoewel Mnr. Visser se getuienis daarop dui dat die Biscayne waarskynlik om 1.50 nm. nog nie in die gat vasgeval het nie, is dit by noukeurige ontleding van die

getuienis......./6

getuienis wat op tyd betrekking het redelik moontlik dat die Biscayne baie kort daarna en nog voor 2 nm. kon vasgeval het.

Uit bostaande blyk dit dat die getuienis van die twee konstabels en Dr. Davin nie op sigself aandui dat die appellant in die omtrek van 2 uur reeds noodwendig onder die invloed van sterk drank was nie. Die getuienis van Visser voer die saak ook nie verder in hierdie verband nie. Gevolglik ontstaan die vraag of die getuienis van Cleovas soos aangetas of bevestig deur die oorblywende getuienis en omstandighede die ten laste gelegde oortreding bo redelike twyfel demonstreer.

Cleovas se hoofgetuienis kom daarop neer dat hy by die ou lokasiekantore, waar hy woon, gesit het en die Biscayne sien aankom het langs die romerypad. Terwyl dit op daardie pad beweeg het, was die voertuig se gang reguit en normaal. Die Biscayne het toe deur die hek gegaan en daarna slingerend gery totdat dit in die gat vasgeval het. Die motor het dadelik afgeskakel en die appellant, wat bestuur het, het eensklaps omgeval na sy linkerkant toe en aan die slaap geraak sonder om uit die kar te klim. Die appellant se saak

berus op 'n besliste ontkenning dat hy onder die invloed van sterk drank was voor hy vasgeval het. Trouens sy getuienis was ten effekte dat hy op die betrokke dag geen sterk drank gebruik het voordat hy deur teespoed oorval was nie. Hy het verduidelik dat hy o.a. die eienaar is van 'n huurmotorbesigheid en dat een van sy bestuurders op 26 Januarie nie voor 11 vm. aan diens kon wees nie. As gevolg hiervan het die appellant self die Biscayne daardie oggend bestuur tot om ongeveer 1.25 nm. Aangesien hy die vorige dag ook hard gewerk het, was hy afgemat en het hy toe besluit om huiswaarts te keer ten einde te gaan slaap. Hy het 'n half bottel brandewyn by die Wilhelmshof Hotel gekoop met die vooruitsig dat die inname daarvan sodra hy by die huis kom sy slaap sou bevorder. Hy het besluit om die kortste pad te neem wat o.a. die noordwespad sou insluit. Hy was onbewus van die gat wat volgens sy onbetwiste getuienis dieselfde oggend uitgegraaf moes gewees het. Alhoewel afgemat het hy versigtig gery. Hy het die gat met bykomende grondhopie nie betyds waargeneem nie, sy rem te laat in werking gestel

en............/8

en toe met die linkervoorwiel in die gat beland. Hy vertel vervolgens dat hy onmiddellik uitgeklim het, ondersoek ~~igestel~~ ingestel het en gevind het dat die Biscayne vas lê op die grond. Geen doeltreffende hulp was beskikbaar nie en hy het besluit om op hulp te wag veral aangesien hy rede gehad het om te glo dat sy ander huurmotor vroeër of later daar verby sou kom. Terwyl hy moedeloos en moeg sit en wag het, het hy besluit om sy toevlug tot die half bottel brandewyn te neem. Hy het alles behalwe 'n kwart daarvan gedrink. Later het hy "so laf en vaak geword" dat hy aan die slaap geraak het. Hy het aangehou slaap totdat die polisie daar aangekom het en hom wakker geskud het. Hy het toegegee dat hy toe onder die invloed van die brandewyn was. Waters se hoofgetuienis was dat hy die appellant die middag "omtrent so half twee, twintig voor twee daar rond" voor die Wilhelmshof Hotel gesien het en dat hy ~~ni~~ nugter was. Onder kruisverhoor het hy later gemeld dat appellant 'n halfbottel in 'n papier toegedraai by hom gehad het.

Die landdros het ten opsigte van die getuies

waarna......./9

waarna in die voorafgaande paragraaf verwys is bevind dat:-

(a) Cleovas se getuienis oor tyd nie betroubaar is nie, tyd nie van veel belang in die saak is nie en dat sy getuienis origens betroubaar is;

(b) Appellant se relaas dat hy voor hy in die gat beland het nugter was, vals is; en

(c) Daar ongerymdheid en ontwykings in die getuienis van Waters is, wat nie vertroue inboesem dat hy die waarheid praat nie en "sy getuienis is in elk geval nie veel werd nie omdat die beskuldigde se toestand ŉ ruk later as waaroor hy getuig het, ter sake is."

Die kruisverhoor van Cleovas en ŉ inspeksie ter plaatse het aan die lig gebring dat sy getuienis in sekere opsigte onbevredigend en nie bo kritiek is nie. Met slegs een uitsondering verwys die landdros in sy uitspraak glad nie na hierdie omstandighede nie. Die uitsondering het betrekking op ŉ besliste antwoord wat Cleovas vroeg in sy kruisverhoor verstrek het nl. dat vanwaar hy gesit het, hy die gat kon sien

en ook hoe die Biscayne daarin geval het. Daarna was dit aan hom gestel dat vanwaar hy gesit het die gat nie sigbaar was nie. Hierop het hy verduidelik dat hy eers gesit en daarna opgestaan het. Op ŉ later stadium het hy gemeld dat hy opgestaan het omdat hy gevrees het dat die Biscayne teen sy huis sou vasry - ŉ vrees wat hy glad nie in sy hoofgetuienis gemeld het nie. Steeds later was sy verduideliking: "Hoe kon ek die gat nie gesien het nie, want ek het eers gesit en daarna het ek opgestaan." Na ŉ verdaging van byna twee maande het die getuie herhaal dat hy die gat kon sien vanwaar hy gesit het. Dit het hy gesê kort nadat dit by die inspeksie ter plaatse geblyk het dat die gat onsigbaar was vanwaar hy aangedui het dat hy gesit het en slegs sigbaar word indien daar ŉ tree vorentoe beweeg word. Die landdros het ongelukkig glad nie gehandel x met Cleovas se getuienis dat hy die gat sittende kon sien nie en ook nie met sy xxxx weersprekings nie. Die kritiek wat op grond hiervan teen sy getuienis geopper is, het die landdros in die verbygaan heel ligtelik opsy gestel deur te bevind:-

> "Met die plaaslike inspeksie is gevind dat vanwaar Cleovas gesit het die gat omtrent 'n tree agter die gebou in is en dat hy daardie gat nie kon sien vanwaar hy gesit het nie. Omdat Cleovas gesê het hy kon die gat nie sien nie is aangevoer dat sy getuienis onbetroubaar is. Die Hof vind dit egter nie so nie. Cleovas het geweet presies waar die gat is en toe hy hoor dat die wiel van die kar wat die beskuldigde bestuur het in die gat beland en die kar daar sien vassteek, kon hy soos die Hof gevind het met die plaaslike inspeksie, die grootste gedeelte van die kar sien waar dit gestaan het. Hy het alles reg gehad om te sê dat hy gesien het dat die kar in die gat vas val."

(Dit wil voorkom dat die woord "nie" waar dit twee keer in die tweede sin voorkom uitgelaat moes gewees het.)

Bykomende omstandighede wat twyfel laat ontstaan in verband met Cleovas se geloofwaardigheid en waarmee die landdros geensins gehandel het nie, is soos volg:-

(a) Die onwaarskynlikheid dat Cleovas nie na die Biscayne sou gaan nie, en hulp aanbied nadat dit vasgeval het en die appellant meteens omgeval het.

(b) Volgens Cleovas het die appellant slingerend gery tussen die hek en die gat. By die inspeksie ter plaatse het hy aangedui welke roete die Biscayne gevolg het vandat hy die voertuig die eerste keer opgemerk het totdat dit vasgeval het. Uit Visser se getuienis blyk dit dat die aanklaer n poging aangewend het om met n kleiner voertuig die roete soos aangedui te volg en dat hy nie daarin kon slaag nie. Konstabel Jacobs het onder kruisverhoor ook verklaar dat dit onmoontlik vir n voertuig is, om die roete, soos deur Cleovas aangedui, te volg.

(c) In antwoord op die eenvoudige vraag of hy op die betrokke dag vir Konstabel Gresse by die toneel gesien het, het Cleovas eers na talle ontwykings en ontkennings toegegee dat hy vir Gresse ken en dat hy wel die middag daar aangekom het.

Die landdros se versuim om die getuienis van Cleovas krities te ondersoek in die lig va n die hierbovermelde omstandighede doen afbreek aan die bevinding dat hy n betroubare getuie was en bring mee dat hierdie Hof noodgedwonge n herwaardering van sy getuienis moet maak. Volgens my mening

is die punte van kritiek waarna ek verwys het en wat die landdros nie behandel het nie van so ꞃ aard dat daar redelike twyfel bestaan oor die betroubaarheid van Cleovas. Die uitspraak van die Hof a quo maak melding van hierdie faktore dog beklemtoon dat in die loop van ꞃ deurtastende kruisondervraging dit nooit pertinent aan Cleovas gestel is dat die Biscayne nie tussen die hek en die gat ꞃ kronkelende koers gevolg het nie, dat die appellant nie onmiddellik na links omgeval het nie en dat die landdros se bevinding ten opsigte van Cleovas se geloofwaardigheid gevolglik tereg aanvaar kan word. ꞃ Beskouing van die kruisverhoor van Cleovas in sy geheel skep, volgens my mening, baie duidelik die indruk dat daar in geding getree word met al die nadelige aspekte daarvan en dit is, myns insiens, onrealisties om appellant se regsverteenwoordiger se versuim om die twee gemelde aspekte nie spesifiek in die loop van die kruisverhoor in geding te stel nie aan te sien as ꞃ erkenning van die getuie se relaas in verband daarmee.

Die landdros het die getuienis van die appellant

hoofsaaklik......../14

hoofsaaklik op grond van drie oorwegings verwerp:- Eerstens op grond daarvan dat dit veelseggend is dat appellant by die Biscayne agtergebly het en nie hulp gaan soek het nie. Hierdie optrede, dui volgens die landdros, daarop dat appellant onbekwaam was. Die appellant het, as rede vir sy optrede, verduidelik dat hy 'n maand tevore 'n Opel voertuig in die straat gelaat het en dat hy met sy terugkeer gevind het dat kinders een van die ruite met klippe stukkend gegooi het. Hy het bygevoeg dat konstabel Gresse bewus was van die daaropvolgende klag wat hy ingedien het. Hy vervolg:-

> "Ek het gevoel ek kan nie my kar so los nie as ek hulp gaan soek aangesien dit namiddag word en die kinders speel rond en hulle kan my skade aandoen."

Op die keper beskou is hierdie 'n redelike verduideliking en tog verwerp die landdros dit as onoortuigend, meld nie waarom hy dit so insien nie en gee nie enige aanduiding welke indruk die appellant op hom gemaak het nie. Die tweede oorweging wat die landdros op staat maak is dat appellant onmiddellik na die Biscayne se vasval omgeval het en aan die slaap geraak het. Hierdie oorweging berus op

die aanvaarding van Clèovas se relaas en sien die appellant se verduideliking wat opweging saam met die ander getuienis in die saak vereis heeltemal oor die hoof. Die derde oorweging wat gelei het tot die verwerping van die appellant se getuienis is dat hy helder oordag in 'n gat gery het en dat sy vermoë om te bestuur derhalwe aangetas moes gewees het. Aangesien die gat moontlik kort tevore in die onmiddelike omgewing van 'n kronkelpad gemaak is en aangesien die kruisverhoor van die appellant die antwoord ontlok het dat ook 'n ander voertuig op 'n later geleentheid in dieselfde gat beland het, en aangesien laastens die kronkels en draaie nie gemaklik met 'n groot voertuig uitgevoer kan word nie, is 'n afleiding dat die appellant se bestuursvermoë noodwendig aangetas moes gewees het nie 'n noodsaaklike afleiding nie. (Kyk S. v. Edley, 1970(2) S.A. 223 op 227(N) B - C wat hier vanpas is.)

Die landdros se verwerping van die appellant se getuienis is gegrond op oorwegings wat, na my mening, nie sterk genoeg is om 'n bevinding bo redelike twyfel te regverdig nie. Die toets waaraan die appellant se verduideliking onderwerp moes gewees het, is of dit redelik moontlik waar

kan wees. Met inagneming van Dr. Davin se getuienis dat die appellant voor 3.15 nm. nugter kon gewees het en appellant se getuienis dat dit so was, is dit moeilik om te bevind dat appellant se voorgelegde verduideliking nie redelik moontlik waar kan wees nie. Hierdie gevolgtrekking word verstewig deur die getuienis van Waters. Die landdros se beskouing dat hierdie getuie die saak nie veel verder voer nie omdat die beskuldigde se toestand ʼn ruk later as wanneer hy getuig het ter sake is, sien die hoofdoel van Waters se getuienis oor die hoof. Die waarde daarvan, sover dit die appellant betref, lê daarin dat indien onthou word dat die Biscayne om 2 nm. reeds kon vasgesit het, die nugterheid van die appellant om 1.30 of 1.40 nm., die appellant se relaas verstewig. Die landdros het nie bevind dat Waters se getuienis vals is nie en sy opmerking dat dit nie vertroue inboesem nie word nie deur redes ondersteun nie. Die wyse waarop die landdros die verdedigingsgetuienis as ʼn geheel benader, dui daarop dat hy nie die breëre aspekte van die saak as geheel voor oë gehou het nie. Mnr. Beukes, wat namens die Staat opgetree het, het met prysenswaardige billikheid toegegee dat

hy dit moeilik vind om Cleovas se getuienis op 'n hoër vlak van geloofwaardigheid te plaas as dié van die appellant – 'n toegewing waarmee ek dit eens is.

Die gevolgtrekking waartoe ek kom kan dus, by wyse van opsomming, kortliks gestel word:- Die landdros het die sleutelgetuie Cleovas se getuienis sonder kritiese ondersoek aanvaar, die appellant se getuienis te ligtelik verwerp en die volle inslag van Waters se getuienis oor die hoof gesien. Gevolglik meen ek dat die skuldigbevinding van die appellant, die vonnis hom opgelê en die intrekking van sy bestuurderslisensie tersyde gestel behoort te word en dat die appèl moet slaag.

G.P.C. K.

VAN BLERK A.R.
TROLLIP A.R. } STEM SAAM